JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

NUUSBRIEF: 28 9 - 16 September 2022

GHOLFDAG

Die 2de Jakkies Gholfdag vind plaas op Saterdag, 10 September. Ons glo en vertrou dat dit 'n groot sukses gaan wees. By voorbaat baie dankie aan al die borge wat help om die dag se sukses vir ons moontlik te maak.

TENNIS

Jakkies se 0/12 toernooi van die afgelope naweek was 'n reuse sukses.
Baie geluk aan die volgende 2 leerders wat 'n plek behaal het.
3de (Seun) - SW Engelbrecht
3de (Dogter) - Anelri Maclachlan

Sterkte aan die seuns en dogters wat Vrydag, 9 September die Xhariepspan verteenwoordig teen die Oos-Kaap.

KRIEKET

Baie sterkte aan die 4 Xhariep krieketspelers wat Saterdag, 10 September in Welkom gaan wedstryd speel.

Die 0/13 Day/Night krieket wedstryde vir die kwartaal se datums is as volg :
Dinsdag, 20 September teen Newton om 17:00 (by Newton)
Maandag, 26 September teen KJS om 14:30 (by KJS)
Woensdag, 28 September teen Futurum (by Newton) - Tyd moet nog bevestig word.

Die 0/8 & 0/9 krieketspanne neem Saterdag, 10 September aan ‘n Mini-krieket dag in Hopetown deel. Die bussie vertrek 06:20 vanaf die skool. Baie sterkte aan hierdie leerders.

BUITEMUURS

Ons herinner net die ouers dat daar geen buitemuurs is volgende week nie as gevolg van die konsert. Buitemuurs sal weer vanaf Maandag, 19 September, normaal voortgaan.

RUGBY en NETBAL

Die 7’s rugby en Fast 5 netbal spanne sal vanaf Maandag, 19 September begin oefen. Afrigters sal self reëlings met die leerders en ouers tref op die groepe.

KAREEHOF KOSHUIS BOSHOF SKOU STALLETJIE

Die koshuiskomitee wil elke ouer wat geld of items geskenk het, hartlik bedank vir hulle bydraes. Baie dankie ook aan die ouers wat die stalletjie opgestel en daar gewerk het. Ons wins is net so oor die R8000.
Daar is nog 'n paar pakke rou hoender en bees sosaties beskikbaar. Kontak Suné 0820923888 vir enige navrae.

KOEKIEVERKOPING

Baie dankie aan die Graad 2-mammas wat heerlike eetgoed gestuur het met hulle koekieverkoping. Die klas het ‘n pragtige bedrag van R2790,00 ingesamel.

FOTODAG 2

Sportfotos sal op Maandag, 19 September geneem word. Ouers moet asseblief seker maak dat leerders se sportklere gereed en reg is daarvoor. Alle klere moet ook asb. gemerk wees. (Sien aangehegte lys)

KONSERT FOTO BESTELLINGS

Indien u sou belangstel om foto’s van die konsert te bestel, kan u die afskeurstrokie wat aangeheg is voltooi en terugstuur na Juffrou Delene voor of op 19 September. Kontant moet saam met die vorms gestuur word.

SANLAM WOW SPELKOMPETISIE

Baie sterkte aan Marizel Swanepoel wat Woensdag, 14 September aan die Provinsiale kompetisie te Bloemfontein gaan deelneem.

OUERS

Skool verdaag op Vrydag, 16 September, om 10:00 vir alle leerlinge a.g.v. Strategiese beplanning wat deur die Beheerliggaam en Personeel bygewoon word.

……..
PW Tait
SKOOLHOOF

GEBEDSLYS:

Amber & Karla Rheeder (Tannie oorlede)

SALON NU ME
Unisex Haarsalon

Haarsnye
Kleur
Blaas (Blaasclub weekliks)
Perm / Spiral perm
Highlights / Lowlights
Sets (Setclub weekliks)
Wenkbrou tint & wax
Opsteile vir funksies
Pedikuur en Manikuur

Verkoops Agent
*AVON
*BEAUTIFUL AROMAS

Palier Straat 35, Jacobsdal
Skakel gerus vir 'n afspraak
Liezel : 084 224 3712

Werksure : Maandae tot Vrydae & na ure

Annie's
Naaldwerk & Herstelwerk

Anneke Smit
083 260 4238
annekesmitt@gmail.com

* Alle naaldwerk
* Herstelwerk van klere
* Beanbags / Warmpakke

FOTODAG 2: 19 September 2022 om 7:30

Merk met X	FOTO:	Verantwoordelike persoon:	Kleredrag:
	Musiekleerders: Alle leerders wat musiek neem. Klavier / blokfluit / kitaar en viool		Somer Skoolklere met kouse en skoene
	Nautilus: (Deelname ten minste 2 van 3)		
	Wiskunde Klub		
	Redenaarsbestuur	Elza	
	Senior, Junior en GF redenaarskompetisie se wenners		
	Noordkaap Kunstefees (Slegs A++)		
	WOW spelkompetisie (Xhariepstreek / Vrystaat)		
	Omgewingsvasvra	Vanita	
	Bybelvasvra	Naomi	
	Skaak: Juniors Skaak: Seniors (Almal wat **gereeld** skaak oefen)	Karin Naomi Vanita	
	Dramaklub	Saricé/Marlise	
	Koor	Sarice/Elza	
	Mental Maths Provinsiaal		

	RUGBY:		**Wit** PT-broek: **0/13** Ander: **swart** PT-broek
	Rugby Pienkvoete 0/7 – ook gr R Rugby 0/9 Rugby 0/11 Rugby 0/13	Jaco Weideman JJ Naude Fanie Roos Tiaan Louw Riaan Jacobs Scott Venter	

	NETBAL:		Netbaldrag met Jakkie kouse en tekkies
	Netbal 0/7 Netbal 0/8 Netbal 0/9 Netbal 0/10 Netbal 0/11 Netbal 0/13A en B	Saam met afrigters	
	Xhariep netbalspan 0/12 Xhariep netbalspan 0/13	Slegs spelers	Netbalklere
	KRIEKET:		Sportdrag
	Mini-krieket Krieket 0/9 Krieket 0/11 Krieket 0/13	Marlise / Linette Tiaan David Kaplan	
	TENNIS:		Tennisklere & Jakkiesokkies en tekkies
	Junior Tennisgroep	Liane, Marisan, Santjie, Tersia & Karin	
	Senior Tennisgroep 0/11	Desiré / Irene	
	Senior Tennisgroep 0/13	Desiré / Irene	
	Senior Tennisgroep beginners	Desiré / Irene	

	ATLETIEK:	Slegs die spanne alleen	Sportklere
	Sone Atletiekspan		
	Motheo/Gariep Kampioenskappe		
	TWEEKAMP:	Liané	Sportklere
	Tweekamp: (Skooldeelname) Tweekamp: Provinsiaal		
	SWEM:		Sportklere
	Inter-Primêr		
	LANDLOOP:	Liané	Sportklere
	Almal wat aan liga's deelgeneem het.		

Provinsiale en Nasionale deelname:

Merk met X	Omskrywing op foto:	Kleredrag:
	SA Atletiek	Leerders moet hulle **Provinsiale klere** saambring en aanhê vir hierdie foto's Óf Skooldrag
	SA Tweekamp	
	Xhariep Krieket	
	Xhariep Tennis	
	GW rugby 0/12	
	Bokkieweek (almal saam – 1 foto)	
	Noordkaap Swem	
	WOW spelkompetisie Vrystaatspan	
	Noord-Kaap golf (0/15)	
	Toutrek	

Hierdie vorm is vir ouers om saam met u kind te kontroleer.
Dit is nie 'n bestelvorm nie.

ONTHOU ASB. OM ALLE SPORT- EN PROVINSIALE KLERE OP SAAM TE STUUR VIR AL DIE FOTO'S WAAROP U KIND VERSKYN

KOSHUISKINDERS moet al hulle klere, wat vir die foto's nodig is, die naweek inpak.

Geen foto's word agterna geneem nie. As u kind nie teenwoordig is nie, word hy/sy nie afgeneem nie.

Al bogenoemde foto's word in die Jaarblad van 2022 geplaas.

(Geen span- of klasfoto's word apart bestel nie)

Hierdie vorm hoef nie terug te gaan skool toe nie.

Jakkies Konsert - Foto Bestelvorm

Slegs individuele foto's sal geneem word voor die konsert.
Jumbo – R 15.00
A5 – R 30.00

Naam van leerder:_____

Graad: _____

	JUMBO	A5
AANTAL		

Totale bedrag: _____